



RAAD OP REKENINGKUNDIGE STANDAARDE

STANDAARD VAN ALGEMEEN ERKENDE

REKENINGKUNDIGE PRAKTYK

DIENSKONSESSIEREËLING: VERLENER

(AERP 32)

**Uitgegee deur die
Raad op Rekeningkundige Standaarde
Augustus 2013**



Erkenning

Die voorgestelde Standaard van AERP oor *Dienskonsessiereëling: Verlener* kom primêr uit die International Public Sector Accounting Standard (IPSAS) oor *Service Concession Arrangements: Grantor* wat deur die International Federation of Accountants se International Public Sector Accounting Standards Board (IPSASB) uitgegee is. Die International Federation of Accountants (IFAC) is in 1977 gestig met die missie om die professie deur geharmonieerde standaarde te ontwikkel en te verbeter. IPSASB het 'n omvattende korpus van IPSAS'e uitgegee, wat gebruik sal word om toekomstige Standaarde van AERP te produseer. Uittreksels uit die IPSAS word met die toestemming van die IPSASB in hierdie Standaard van AERP gereproduseer.

Die goedgekeurde teks van die IPSAS'e is dié wat deur die IFAC in die Engelse taal gepubliseer is. Die IPSAS'e is vervat in die IFAC se Handbook of International Public Sector Accounting Pronouncements en kan verkry word van:

International Federation of Accountants

545 Fifth Avenue, 14th Floor

New York, New York 10017 USA

Internet: <http://www.ifac.org>

Kopiereg vir IPSAS'e, konsepte vir kommentaar en ander publikasies van die IPSASB is in die IFAC gevestig en die bepalings en voorwaardes wat daaraan verbonde is, moet nagekom word.

Kopiereg © 2013 deur die Raad op Rekeningkundige Standaarde.

Alle regte voorbehou. Geen deel van hierdie publikasie mag sonder voorafgaande toestemming van die Raad op Rekeningkundige Standaarde in 'n stelsel vir inligtingsontsluiting bewaar of in enige vorm of op enige wyse, elektronies, meganies, deur fotokopiëring, by wyse van 'n opname of andersins gereproduseer of weergegee word nie.

Toestemming om beperkte uittreksels uit die publikasie te reproduseer sal gewoonlik nie weerhou word nie.



Inhoud

Standaard van Algemeen Erkende Rekeningkundige Praktyk

Dienskonsessiereëling: Verlener

	Paragraaf
Inleiding	
Doelstelling	.01
Omvang	.02 – .05
Woordomskrywings	.06
Erkenning en meting van 'n dienskonsessiebate	.07 – .11
Erkenning en meting van laste	.12 – .26
Finansiële aanspreeklikheid-model	.16 – .21
"Verlening van 'n reg aan die operateur"-model	.22 – .24
Verdeling van die reëling	.25 – .26
Ander laste, voorwaardelike aanspreeklikhede en voorwaardelike bates	.27
Ander inkomste	.28
Aanbieding en openbaarmaking	.29 – .31
Oorgangsbepalings	.32
Aanvanklike aanvaarding van die Standaarde van AERP	.32
Datum van inwerkingtrede	.33
Aanvanklike aanvaarding van die Standaarde van AERP	.33
Bylae A: Toepassingsgids	
Bylae B: Wysigings aan ander Standaarde van AERP	
Toepassingsleiding	
Grondslag vir gevolgtrekkings	



AERP 32

Vergelyking met International Public Sector Accounting Standard oor
Service Concession Arrangements: Grantor (Oktober 2011)

DIENSKONSESSIEREËLING: VERLENER

Inleiding

Standaard van Algemeen Erkende Rekeningkundige Praktyk

Daar word ingevolge die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, Wet No. 1 van 1999, soos gewysig (WOFB), van die Raad op Rekeningkundige Standaarde (die Raad) vereis om algemeen erkende rekeningkundige praktyk genaamd Standaard van Algemeen Erkende Rekeningkundige Praktyk (AERP) te bepaal.

Die Raad moet AERP bepaal vir:

- (a) departemente (met inbegrip van nasionale en provinsiale en regeringskomponente);
- (b) openbare entiteite;
- (c) handelsentiteite (soos omskryf in die WOFB);
- (d) grondwetlike instellings;
- (e) munisipaliteite en rade, kommissies, maatskappye, korporasies, fondse en ander entiteite onder die eienaarskapsbeheer van die munisipaliteit; en
- (f) die Parlement en die provinsiale wetgewers.

Bogenoemde word gesamentlik “entiteite” genoem.

Die Raad het die toepassing van Standpunte oor Algemeen Aanvaarde Rekeningkundige Praktyk (AARP) soos op 1 April 2012, soos dit deur die Raad op Rekeningkundige Praktyke gekodifiseer en deur die Suid-Afrikaanse Instituut vir Geoktrooieerde Rekenmeesters uitgegee is, goedgekeur om AERP te wees vir:

- (a) staatsakeondernemings (soos in die WOFB omskryf);
- (b) enige ander entiteit, uitgesonderd 'n munisipaliteit, waarvan die gewone aandele, potensiële gewone aandele of skuld openbaar op die kapitaalmarkte verhandelbaar is; en
- (c) entiteite onder die eienaarsbeheer van enigiemand van hierdie entiteite.

Die Raad het die toepassing van die International Financial Reporting Standards (IFRSs) uitgegee deur die International Accounting Standards Board goedgekeur om AERP te wees vir hierdie entiteite waar hulle IFRS'e toepas.

Finansiële state moet beskryf word as sou dit aan Standaard van AERP voldoen slegs indien hulle aan al die vereistes van elke toepaslike Standaard van AERP en enige verbandhoudende Vertolkings van die Standaard van AERP voldoen.

Enige beperking op die toepaslikheid van spesifieke Standaarde of Vertolkings word in daardie Standaarde of Vertolkings van die Standaard van AERP duidelik gemaak.



AERP 32

Die Standaard van AERP oor *Dienskonsessiereëlings: Verleener* word in paragraaf .01 tot .33 uiteengesit. Alle paragrawe in hierdie Standaard van AERP is ewe gesaghebbend. Die status en gesag van bylaes word in die aanhef tot elke bylae behandel. Hierdie Standaard moet gelees word in die konteks van die doelstelling daarvan, die grondslag vir gevolgtrekkings, indien toepaslik, die *Voorwoord tot Standaarde van AERP*, die *Voorwoord tot die Vertolking van die Standaarde van AERP* en die *Raamwerk vir die Opstel en Aanbieding van Finansiële State*.

Standaarde van AERP en Vertolkings van die Standaarde van AERP moet ook in samehang gelees word met enige lasgewings wat deur die Raad uitgegee word waarin oorgangsbepalings voorgeskryf word, asook saam met enige regulasies wat deur die Minister van Finansies uitgereik is ten opsigte van die datums van inwerkingtrede van die Standaarde van AERP, soos in die Staatskoerant gepubliseer is.

Daar kan 'n verwysing wees na 'n Standaard van AERP wat nog nie uitgegee is op die tydstip wanneer hierdie Standaard uitgegee word nie. Dit word gedoen om te vermy om die Standaard wat reeds uitgegee is, te verander wanneer 'n latere Standaard uitgegee word. Paragraaf .12 van die Standaard van AERP oor *Rekeningkundige Beleide, Veranderinge in Rekeningkundige Ramings en Foute* voorsien in die afwesigheid van uitdruklike leiding 'n grondslag vir die keuse en toepassing van rekeningkundige beleide.

Doelstelling

- .01 Die doel met hierdie Standaard is om die in rekening bring van dienskonsessiereëlings deur die verlener, 'n openbaresektorentiteit, voor te skryf.

Omvang (kyk paragraaf AG1 – AG5)

- .02 *'n Entiteit wat finansiële state ooreenkomstig die toevallingsgrondslag van rekeningkunde opstel en aanbied, moet hierdie Standaard toepas by die in rekening bring van dienskonsessiereëlings.*
- .03 Reëlins binne die omvang van hierdie Standaard behels dat die operateur 'n gemandateerde funksie wat verband hou met die dienskonsessiebate namens die verlener voorsien. Die operateur wat die gemandateerde funksie voorsien, kan 'n private party of 'n ander openbare sektor entiteit wees.
- .04 Reëlins buite die omvang van hierdie Standaard is dié wat nie die voorsiening van 'n gemandateerde funksie behels nie en reëlins wat die voorsiening of bestuur van dienste behels waar die bate nie deur die verlener beheer word nie (bv. uitkontraktering, dienskontrakte of privatisering).
- .05 Hierdie Standaard spesifiseer nie die in rekening bring deur operateurs nie (leiding die in rekening bring van dienskonsessiereëlins deur die operateur kan in IFRIC 12 *Service Concession Arrangements* gevind word).

Woordomsrywings (kyk paragraaf TG 6 – TG 10)

- .06 *Die volgende terme word in hierdie Standaard gebruik, met die gespesifiseerde betekenis:*
- 'n Verlener (vir die doeleindes van hierdie Standaard), is die entiteit wat die reg op gebruik van die dienskonsessiebate aan die operateur verleen.*
- 'n Gemandateerde funksie behels die lewering van 'n openbare diens deur 'n operateur namens 'n verlener wat binne die verlener se mandaat val.*
- 'n Operateur (vir die doeleindes van hierdie Standaard), is die entiteit wat die dienskonsessiebate gebruik om 'n gemandateerde funksie te voorsien, onderhewig aan die verlener se beheer van die bate.*
- 'n Dienskonsessiereëling is 'n kontraktuele reëling tussen 'n verlener en 'n operateur waarin:*
- (a) die operateur die dienskonsessiebate gebruik om 'n gemandateerde*

funksie vir 'n gespesifiseerde tydperk namens die verlener te voorsien; en

- (b) die operateur vir sy dienste oor die tydperk van die dienskonsessiereëling vergoed word.*

'n Dienskonsessiebate is 'n bate wat gebruik word om 'n gemandateerde funksie in 'n dienskonsessiereëling te voorsien wat:

- (a) voorsien word deur die operateur wat:*

- (i) die operateur bou, ontwikkel of van 'n derde party verkry; of*
(ii) 'n bestaande bate van die operateur is; of

- (b) voorsien word deur die verlener wat:*

- (i) 'n bestaande bate van die verlener is; of*
(ii) 'n opgradering van 'n bestaande bate van die verlener is.

Terme wat in ander Standaarde van AERP omskryf word, word in hierdie Standaard met dieselfde betekenis gebruik as in daardie ander Standaarde.

Erkenning en meting van 'n dienskonsessiebate (kyk paragraaf TG 11 – TG 41)

- .07 Die Verlener moet 'n bate wat deur die operateur voorsien is, sowel as 'n opgradering van 'n bestaande bate van die verlener, as 'n dienskonsessiebate erken indien:*

- (a) die verlener beheer of reguleer watter dienste die operateur met die bate moet voorsien, aan wie die operateur die diens moet voorsien, en teen watter prys; en*
(b) die verlener – deur eienaarskap, aanspraak op voordele of andersins – enige beduidende oorblywende belang in die bate teen die einde van die tydperk van die reëling beheer.

- .08 Hierdie Standaard is van toepassing op 'n bate wat in 'n dienskonsessiereëling vir die algehele ekonomiese gebruiksduur daarvan ('n "lewenslange" bate) gebruik word indien daar aan die voorwaardes in paragraaf .07(a) voldoen word.*

- .09 Die verlener moet aanvanklik die dienskonsessiebate wat ooreenkomstig paragraaf .07 (of paragraaf .08 vir 'n lewenslange bate) erken is, teen die billike waarde daarvan meet, behalwe soos in paragraaf .10 aangedui.*

- .10** *Indien 'n bestaande bate van die verlener voldoen aan die voorwaardes wat in paragraaf .07(a) en .07(b) (of paragraaf .08 vir 'n lewenslange bate) gespesifiseer is, moet die verlener die bestaande bate as dienskonsessiebate herklassifiseer. Rekeningkundige verantwoording van die herklassifiseerde dienskonsessiebate moet ooreenkomstig die Standaard van AERP oor Beleggingseiendom, Eiendom, Aanleg en Toerusting, Ontasbare Bates, of Erfenisbates, soos toepaslik, gedoen word.*
- .11** *Ná aanvanklike erkenning of herklassifikasie moet dienskonsessiebates duidelik van ander bates in dieselfde kategorie onderskei word, en moet dit duidelik onderskei word van bates wat besit en/of gehuur word.*

Erkenning en meting van laste (kyk paragraaf TG 42 – TG 51)

- .12** *Indien die verlener 'n dienskonsessiebate in ooreenstemming met paragraaf .07 (of paragraaf .08 vir 'n lewenslange bate) erken, moet die verlener ook 'n las erken. Die verlener moet nie 'n las erken wanneer 'n bestaande bate van die verlener as 'n dienskonsessiebate ooreenkomstig paragraaf .10 herklassifiseer word nie, behalwe in omstandighede waar bykomende teenprestasie deur die operateur voorsien is, soos in paragraaf .13 genoem word.*
- .13** *Die las wat in ooreenstemming met paragraaf .12 erken is, moet aanvanklik teen dieselfde bedrag gemeet word as die dienskonsessiebate wat in ooreenstemming met paragraaf .09 gemeet is, aangesuiwer met die bedrag van enige ander teenprestasie (bv. kontant) van die verlener aan die operateur, of van die operateur aan die verlener.*
- .14** Die aard van die las wat erken word, is gebaseer op die aard van die teenprestasie wat tussen die verlener en die operateur uitgeruil is. Die aard van die teenprestasie wat deur die verlener aan die operateur gegee is, word deur verwysing na die bepalings van die kontraktuele reëling bepaal.
- .15** In ruil vir die dienskonsessiebate kan die verlener die operateur vir die dienskonsessiebate vergoed deur enige kombinasie van:
- (a) betalings aan die operateur te maak (die “finansiële aanspreeklikheid”-model);
 - (b) die operateur op 'n ander wyse te vergoed (die “verlening van 'n reg aan die operateur”-model), soos:
 - (i) om die reg aan die operateur te verleen om inkomste uit derdepartygebruikers van die dienskonsessiebate te genereer; of
 - (ii) om aan die operateur toegang te verleen tot 'n ander

inkomstegenererende bate vir die operateur se gebruik (bv. die bedryf van 'n private saal in 'n hospitaal waar die res van die hospitaal deur die verlener gebruik word om publieke pasiënte te behandel).

Finansiële aanspreeklikheid-model (kyk paragraaf TG 43 – TG 48)

- .16** *Waar die verlener 'n onvoorwaardelike verpligting het om kontant of 'n ander finansiële bate aan die operateur te betaal vir die bou, ontwikkeling, verkryging of opgradering van 'n dienskonsessiebate moet die verlener die las wat in ooreenstemming met paragraaf .12 as 'n finansiële aanspreeklikheid erken word, rekeningkundig verantwoord.*
- .17** Die verlener het 'n onvoorwaardelike verpligting om kontant te betaal indien die verlener aan die operateur gewaarborg het om die volgende te betaal:
- (a) gespesifiseerde of bepaalbare bedrae; of
 - (b) die tekort, indien toepaslik, tussen bedrae wat deur die operateur van gebruikers van die gemandateerde funksie ontvang is en enige gespesifiseerde of bepaalbare bedrae waarna in paragraaf .17(a) verwys word, selfs indien die betaling daarvan afhang dat die operateur verseker dat die dienskonsessiebate aan gespesifiseerde kwaliteits- of doeltreffendheidsvereistes voldoen.
- .18** Die Standaard van AERP oor *Finansiële Instrumente* is van toepassing op die finansiële las wat erken word onder paragraaf .12.
- .19** *Die verlener moet die betalings aan die operateur toedeel en volgens hul wese **in rekening bring** as 'n vermindering in die las wat ooreenkomstig paragraaf .12 erken is, 'n finansieringskoste, en koste vir dienste wat deur die operateur gelewer is.*
- .20** *///Die finansieringskoste en koste vir dienste wat deur die operateur gelewer is in 'n dienskonsessiereëling, soos in ooreenstemming met paragraaf .19 bepaal, moet rekeningkundig as uitgawes verantwoord word.*
- .21** *Waar die bate- en dienskomponente van 'n dienskonsessiereëling afsonderlik identifiseerbaar is, moet die dienskomponente van die betalings van die verlener aan die operateur toegewys word deur na die relatiewe billike waardes van die dienskonsessiebate en die dienste te verwys. Waar die bate- en dienskomponente nie afsonderlik identifiseerbaar is nie, word die betalings van die verlener aan die operateur deur ramingstegnieke bepaal.*

Verlening van 'n reg tot die operateur model (kyk paragraaf TG 49 – TG 50)

- .22** *Waar die verlener nie die onvoorwaardelike verpligting het om kontant of 'n ander finansiële bate aan die operateur vir konstruksie, ontwikkeling, verkryging, of opgradering van 'n dienskonsessiebate te betaal nie, en die operateur die reg om inkomste te verdien van derdepartygebruikers of 'n ander inkomstegenererende bate verleen, moet die verlener rekeningkundig vir die las verantwoord soos in ooreenstemming met paragraaf .12 erken as die onverdiende deel van die inkomste wat uit die ruil van bates tussen die verlener en die operateur ontstaan.*
- .23** *Die verlener moet die inkomste erken en die las verminder wat in ooreenstemming met paragraaf .22 erken word, volgens die wese van die dienskonsessiereëling.*
- .24** *Waar die verlener die operateur vergoed vir die dienskonsessiebate en die voorsiening van dienste deur die reg aan die operateur te verleen om 'n inkomste deur derdepartygebruikers van die dienskonsessiebate te verdien, word die ruil as 'n transaksie beskou wat inkomste genereer (kyk die Standaard van AERP op Inkomste uit Uitruiltransaksies). Omdat die reg wat aan die operateur verleen is vir die tydperk van die dienskonsessiereëling effektief is, erken die verlener nie dadelik die inkomste van die ruil nie. In stede daarvan word 'n las erken vir enige deel van die inkomste wat nog nie verdien is nie. Die inkomste word volgens die wese van die dienskonsessiereëling erken, en die las word verminder soos wat inkomste erken word.*

Verdeling van die reëling (kyk paragraaf TG 51)

- .25** *Indien die verlener vir die konstruksie, ontwikkeling, verkryging, of opgradering van 'n dienskonsessiebate betaal, gedeeltelik deur 'n finansiële las aan te gaan en gedeeltelik deur die verlening van 'n reg aan die operateur, is dit nodig om afsonderlik rekeningkundig vir elke deel van die gehele las te verantwoord wat in ooreenstemming met paragraaf .12 erken word. Die bedrag wat aanvanklik vir die gehele las erken word moet dieselfde bedrag wees as dié wat in paragraaf .13 gespesifiseer is.*
- .26** *Die verlener moet rekeningkundig vir elke deel van die las, waarna in paragraaf .25 verwys word, verantwoord in ooreenstemming met paragraaf .16 tot .24.*

Ander laste, voorwaardelike aanspreeklikhede, en voorwaardelike bates (kyk paragraaf TG 52 – TG 54)

- .27** *Die verlener moet rekeningkundig vir ander laste, voorwaardelike aanspreeklikhede, en voorwaardelike bates wat uit 'n dienskonsessiereëling ontstaan, verantwoord in ooreenstemming met die Standaard van AERP oor*



Voorsienings, Voorwaardelike Aanspreeklikhede en Voorwaardelike Bates en Finansiële Instrumente.

Ander inkomste (kyk paragraaf TG 55 – TG 64)

- .28** *Die verlener moet rekeningkundig vir inkomste van 'n dienskonsessiereëling, uitgesonderd dié wat in paragraaf .22 tot .24 gespesifiseer is, verantwoord in ooreenstemming met die Standaard van AERP oor Inkomste uit Uitruiltransaksies.*

Aanbieding en openbaarmaking (kyk paragraaf TG65 – TG67)

.29 Die verlener moet inligting in ooreenstemming met die Standaard van AERP oor die Aanbieding van Finansiële State aanbied.

.30 'n Verlener moet die volgende inligting vir elke wesenlike dienskonsessiereëling, en in samevoeging vir individueel nuwesesenlike dienskonsessiereëlings wat gesamentlik wesenlik is, in elke verslagdoeningstydperk openbaar maak:

- (a) 'n Beskrywing van die algehele doelstelling en doel van die dienskonsessiereëling.**
- (b) Beduidende bepalinge van die dienskonsessiereëling wat op die bedrag, die tydsberekening, en die sekerheid van toekomstige kontantvloei 'n invloed kan hê (bv. die tydperk van die konsessie, herprysingsdatums, en die grondslag waarop die herprysing of heronderhandeling bepaal word).**
- (c) Die aard en mate (bv. hoeveelheid, tydperk, of bedrag, soos toepaslik) van:**
 - (i) regte om gespesifiseerde bates te gebruik;**
 - (ii) regte om te verwag dat die operateur gespesifiseerde dienste in verband met die dienskonsessiereëling lewer;**
 - (iii) dienskonsessiebates wat as bates erken word gedurende die verslagdoeningstydperk, met inbegrip van bestaande bates van die verlener wat as dienskonsessiebates geherklassifiseer is;**
 - (iv) regte om gespesifiseerde bates teen die einde van die dienskonsessiereëling te ontvang;**
 - (v) vernuwings- en diensbeëindigingsopsies;**
 - (vi) ander regte en verpligtinge (bv. groot opknapping van dienskonsessiebates); en**
 - (vii) verpligtinge om toegang tot dienskonsessiebates of ander inkomstegenererende bates aan die operateur te voorsien.**
- (d) Verandering in die dienskonsessiereëling wat plaasgevind het gedurende die verslagdoeningstydperk.**
- (e) 'n Beskrywing van enige kontrakbreuk deur enige party gedurende die verslagdoeningstydperk en die impak daarvan vir die verlener.**

- .31 Die openbaarmakings wat in ooreenstemming met paragraaf .30 vereis word, word as deel van die bestaande batekategorieë voorsien, d.w.s. beleggingseiendom, of eiendom, aanleg en toerusting, of ontasbare bates of erfenisbates. Die dienskonsessiebates moet duidelik van besitte en/of gehuurde bates onderskei word. Die openbaarmakingsvereistes moet afsonderlik voorsien word vir elke wesenlike dienskonsessiebate of in samevoeging vir niewesenlike dienskonsessiebates onder die bestaande batekategorieë wat in die verlener se finansiële state openbaar gemaak is.

Oorgangsbepalings

Aanvanklike aanvaarding van die Standaarde van AERP

- .32 *Die oorgangsbepalings wat deur entiteite toegepas moet word by die aanvanklike aanvaarding van hierdie Standaard word in 'n lasgewing(s) voorgeskryf. Die bepalinge van hierdie Standaard moet in samehang met elke toepaslike lasgewing gelees word.*

Datum van inwerkingstrede

Aanvanklike aanvaarding van die Standaarde van AERP

- .33 *Hierdie Standaard van Algemeen Erkende Rekeningkundige Praktyk tree in effek vir finansiële jaarstate wat tydperke dek wat op of ná 'n datum wat deur die Minister van Finansies bepaal word in 'n regulasie wat ooreenkomstig artikel 91(1)(b) van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, Wet No. 1 van 1999, soos gewysig, gepubliseer sal word.*

Bylae A

Toepassingsriglyne

Hierdie Bylae is 'n integrale deel van die Standaard van AERP oor Dienskonsessiereëling: Verlener.

Omvang (kyk paragraaf .02 tot .05)


- TR1. Die Standaard van AERP oor *Dienskonsessiereëling: Verlener* is toepaslik tot 'n kontraktuele reëling tussen 'n verlener en 'n operateur waarin die operateur die dienskonsessiebate gebruik om 'n gemandateerde funksie namens die verlener te voorsien vir 'n gespesifiseerde tydperk. Die operateur wat die gemandateerde funksie namens die verlener voorsien kan óf 'n private party óf 'n ander openbare sektor entiteit wees.
- TR2. Wetgewig behandel die vestiging en funksionering van publieke-private vennootskapsreëlings (PPV-reëlings) in die openbare sektor omgewing. Die Tesourieregulasies wat ingevolge die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, Wet No. 1 van 1999, soos gewysig (WOFB) uitgegee is, omskryf 'n “publieke-private vennootskapsreëling” as 'n kommersiële transaksie tussen 'n instelling en 'n private party ingevolge waarvan die private party:
- (a) 'n institusionele funksie namens die instelling uitvoer; en/of
 - (b) die gebruik van staatseiendom vir eie kommersiële doeleindes verkry; en
 - (c) aansienlike finansiële, tegniese en operasionele risiko's in verband met die prestasie van die institusionele funksie en/of die gebruik van staatseiendom neem; en
 - (d) 'n voordeel vir die uitvoering van die institusionele funksie of van die gebruik van die staatseiendom trek, óf deur:
 - (i) teenprestasie wat deur die instelling betaalbaar is wat dit van 'n Inkomstefonds of, waar die instelling 'n nasionale staatsakeonderneming of provinsiale staatsakeonderneming is, van die inkomste van sodanige instelling verkry; of
 - (ii) koste of fooie wat deur die private party ingevorder moet word van gebruikers of kliënte van 'n diens wat aan hulle verskaf is; of
 - (iii) 'n kombinasie van sodanige teenprestasie en sodanige koste en fooie.
- TR3. Die omskrywing van 'n PPV-reëling in die Regulasies wat onder die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, Wet No. 56 van 2003 (WMFB) uitgegee is, is soortgelyk aan die omskrywing in die Tesourieregulasies tot die WOFB. Die WMFB-regulasies omskryf 'n PPV-reëling as 'n kommersiële transaksie tussen

'n munisipaliteit en 'n private party, ingevolge waarvan die private party:

- (a) 'n munisipale funksie namens 'n munisipaliteit uitvoer of die bestuur of gebruik van munisipale eiendom vir eie kommersiële doeleindes verkry, of beide 'n munisipale funksie vir of namens 'n munisipaliteit uitvoer en die bestuur of gebruik van munisipale eiendom vir eie kommersiële doeleindes verkry; en
- (b) aansienlike finansiële, tegniese en operasionele risiko's neem in verband met:
 - (i) die prestasie van die munisipale funksie;
 - (ii) die bestuur of gebruik van die munisipale eiendom; of
 - (iii) beide; en
- (c) 'n voordeel vir die uitvoering van die munisipale funksie of van die gebruik van die staatseiendom, of van beide, trek deur:
 - (i) teenprestasie wat deur die munisipaliteit of 'n munisipale entiteit onder die alleen- of deelbeheer van die munisipaliteit betaalbaar is of verleen word;
 - (ii) koste of fooie wat deur die private party van gebruikers of kliënte ingevorder moet word vir 'n diens wat aan hulle verskaf is; of
 - (iii) 'n kombinasie van die voordele waarna in subparagraaf (i) en (ii) verwys word.

TR4. PPV-reëlings wat beheer en reguleer word ingevolge die WOFB en WMFB, is sommige van die reëlings wat binne die omvang van die Standaard van AERP oor *Dienskonsessiereëling: Verlener* val. Enige ander reëlings wat aan die beheermaatstawwe voldoen soos in paragraaf .07 uiteengesit moet ook die beginsels in die Standaard van AERP oor *Dienskonsessiereëling: Verlener* toepas in die rekeningkundige verantwoording vir sodanige reëlings.

TR5. Die diagram hieronder som die stappe op wat gevolg moet word in die bepaling van rekeningkundige beginsels wat toegepas moet word in die rekeningkundige verantwoording vir dienskonsessiereëlins.



Woordomskrywings (kyk paragraaf .06)

- TR6. Paragraaf .06 omskryf 'n dienskonsessiereëling. Algemene kenmerke van 'n dienskonsessiereëling is:
- (a) Die operateur is minstens vir deel van die bestuur van die dienskonsessiebate en verwante dienste verantwoordelik en tree nie slegs as agent namens die verlener op nie;
 - (b) Die reëling bepaal die aanvanklike pryse wat deur die operateur gehef moet word en reguleer die pryshersienings oor die tydperk van die dienskonsessiereëling;
 - (c) Die operateur is verplig om die dienskonsessiebate aan die verlener te oorhandig in 'n gespesifiseerde toestand teen die einde van die tydperk van die reëling, vir min of geen inkrementele teenprestasie, ongeag van watter party dit aanvanklik gefinansier het; en
 - (d) Die reëling word deur 'n kontraktuele reëling beheer wat aangegaan is, wat prestasiestandaarde, meganismes vir die aansuiwering van pryse, en reëlins vir die arbitrasie van geskille bepaal.
 - (e) Die reëling kan die vlak of standaard van die dienste bepaal wat gedurende die tydperk vereis word en enige bates wat in die voorsiening van sodanige diens gebruik moet word.
 - (f) Die reëling kan die ontwerp, bou en finansiering van 'n bate vir die gebruik deur die operateur beheer. Die reëling kan beperkings oor hoe die dienskonsessiebate gebruik moet word neerlê.
- TR7. Die omskrywing van publieke-private vennootskapsreëlins, soos in wetgewing omskryf (kyk paragraaf TG2 en TG3), verwys na “private party” en “entiteit”. Die Standaard van AERP oor *Dienskonsessiereëlins: Verlener* gebruik die terme “operateur” en “verlener”. Die terminologie wat in die wetgewing gebruik is het 'n soortgelyke betekenis as dit wat in die Standaard van AERP oor *Dienskonsessiereëlins: Verlener* gebruik is.
- TR8. IPSAS 32 gebruik die term “public service” om die funksies wat die operateur uitvoer namens die verlener te beskryf. Paragraaf .06 gebruik die term “gemandateerde funksie” en omskryf dit as die lewering van 'n openbare diens deur 'n operateur namens 'n verlener wat binne die verlener se mandaat val.
- TR9. Die WOFB en die WMFB omskryf 'n PPV-reëling as insluitend van 'n institusionele of munisipale funksie wat vereis dat die operateur 'n funksie namens die verlener verrig, of die operateur toelaat om die bestuur of gebruik van 'n eiendom vir eie kommersiële doeleindes te verkry. Hierdie tipe reëlins

word beide in die term “gemandateerde funksie” vasgelê in die beskrywing van die tipes PPV-reëlings wat in die Standaard van AERP oor *Dienskonsessiereëling: Verlener* omvat word.

- TR10. Paragraaf .06 omskryf 'n dienskonsessiebate. Voorbeelde van dienskonsessiebates is: paaie, brûe, tunnels, tronke, hospitale, lughawens, waterspreidingsfasiliteite, energievoorsiening en telekommunikasie netwerke, permanente installasies vir militêre en ander bedrywighede, en ander nie-huidige tasbare en ontasbare bates wat vir administratiewe doeleindes in die lewering van 'n gemandateerde funksie gebruik word.

Erkenning en aanvanklike meting van 'n dienskonsessiebate (kyk paragraaf .07 - .11)

Erkenning van 'n dienskonsessiebate

- TR11. Die bepaling of 'n dienskonsessiebate in ooreenstemming met paragraaf .07 (of paragraaf .08 vir 'n lewenslange bate) erken moet word, word op die grondslag van al die feite en omstandighede van die reëling gedoen.
- TR12. Die beheer of regulasie waarna in paragraaf .07(a) verwys word kan 'n gevolg van 'n kontraktuele reëling wees, of andersins (soos deur 'n derde party reguleerder wat ander entiteite reguleer wat in dieselfde bedryf of sektor as die verlener funksioneer), en sluit omstandighede in waar die verlener die volle uitset koop, asook dié waar ander gebruikers deel van of die volle uitset koop. Die vermoë om ander se toegang tot die voordele van 'n bate uit te sluit of te reguleer, is 'n noodsaaklike element van beheer wat 'n entiteit se bates van daardie openbare goedere onderskei waartoe alle entiteite toegang het en waarvan alle entiteite kan voordeel trek. Die kontraktuele reëling bepaal die aanvanklike pryse wat gehef word deur die operateur en reguleer pryshersienings oor die tydperk van die dienskonsessiereëling. Wanneer die kontraktuele reëling die reg aan die verlener oordra om die gebruik van die dienskonsessiebate te beheer, voldoen die bate aan die voorwaarde wat in paragraaf .07(a) gespesifiseer is met betrekking tot beheer van wie die operateur dienste aan moet voorsien.
- TR13. Vir die doeleindes van paragraaf .07(a) hoef die verlener nie algehele beheer oor die prys te hê nie: dit is voldoende vir die prys om gereguleer te word deur die verlener, of in die kontraktuele reëling, of deur 'n derde party reguleerder wat ander entiteite reguleer wat in dieselfde bedryf of sektor (bv. paaie of energievoorsiening) funksioneer as die verlener (bv. deur 'n beperkingsmeganisme). Die voorwaarde word egter toegepas tot die wese van die reëling. Niewesenlike kenmerke, soos 'n beperking wat slegs in uitsonderlike omstandighede toepaslik is, word geïgnoreer. Aan die ander kant,

indien 'n reëling, byvoorbeeld, voorgee om die operateur vryheid te gee om pryse te bepaal, maar enige surplus in die winste word aan die verlener teruggegee, is die operateur se wins beperk en word daar aan die pryselement van die kontroletoets voldoen.

- TR14. Menige regerings het die mag om die werkverrigting van entiteite te reguleer wat in sekere sektore van die ekonomie funksioneer, hetsy direk, of deur agentskappe wat spesifiek hiervoor geskep is. Vir die doeleindes van paragraaf .07(a) geld die breë regulerende magte wat hierbo beskryf is nie as beheer nie. In hierdie Standaard word die term “reguleer” bedoel om slegs in die konteks van die spesifieke bepalings en voorwaardes van die dienskonsessiereëling toepaslik te wees. Byvoorbeeld, die departement van vervoer, wat die reguleerder van die spoordiens is, kan tariewe wat toepaslik is op die spoorwegbedryf as geheel bepaal. Sulke tariewe kan implisiet in die kontraktuele reëling wees wat 'n dienskonsessiereëling beheer wat die voorsiening van spoorwegvervoer betrek, of daar kan spesifiek na die tariewe verwys word daarin. In beide gevalle word die beheer van die dienskonsessiebate egter van die kontraktuele reëling afgelei en nie van die feit dat die reëling met 'n verlener aangegaan word wat aan die reguleerder van die spoordiens verwant is nie.
- TR15. Vir die doeleindes van paragraaf .07(b) moet die verlener se beheer oor enige beduidende oorblywende belang beide die operateur se praktiese vermoë om die bate te verkoop of te verpand beperk en die voortgesette reg van gebruik aan die verlener gee gedurende die tydperk van die dienskonsessiereëling. Die oorblywende belang in die bate is die geraamde huidige waarde van die bate asof dit alreeds van die ouderdom en in die toestand is wat aan die einde van die tydperk van die dienskonsessiereëling verwag word.
- TR16. Beheer moet van bestuur onderskei word. Indien die verlener beide die mate van beheer, soos in paragraaf .07(a) beskryf, en enige beduidende oorblywende belang in die bate behou, bestuur die operateur slegs die bate namens die verlener – hoewel dit in baie gevalle 'n wye bestuursdiskresie kan hê.
- TR17. Die voorwaardes in paragraaf .07(a) en .07(b) identifiseer tesame wanneer 'n bate, met inbegrip van enige vervangings wat benodig word, deur die verlener beheer word vir die duur van die bate se ekonomiese lewe. Byvoorbeeld, indien die operateur deel van 'n bate gedurende die tydperk van die reëling moet vervang (bv. die boonste laag van 'n pad of die dak van 'n gebou), word die bate as 'n geheel oorweeg. Daar word dus aan die voorwaarde in paragraaf .07(b) voldoen vir die bate as geheel, met inbegrip van die deel wat vervang is, indien die verlener enige beduidende oorblywende belang in die finale vervanging van daardie deel beheer.

TR18. Soms word die gebruik van 'n dienskonsessiebate deels in die wyse wat beskryf word in paragraaf .07(a) gereguleer en deels nie gereguleer nie. Hierdie reëlings neem egter 'n verskeidenheid vorme:

- (a) Enige bate wat fisies skeibaar is en in staat is om onafhanklik te funksioneer en wat aan die omskrywing van 'n kontantgenererende eenheid voldoen, soos in die Standaard van AERP oor *Waardedaling van Kontant-Genererende Bates* omskryf, word afsonderlik ontleed om te bepaal of daar aan die voorwaarde voldoen word wat deur paragraaf .07(a) uiteengesit is, indien dit heeltemal vir ongereguleerde doeleindes gebruik word (bv. dit kan tot 'n private vleuel van 'n hospitaal toepaslik wees, waar die res van die hospitaal deur die verlener gebruik word om openbare pasiënte te behandel); en
- (b) Wanneer suiwer aanvullende aktiwiteite (soos 'n hospitaalwinkel) ongereguleer is word kontrole toetse toegepas asof daardie aktiwiteite nie bestaan nie, omdat die bestaan van aanvullende aktiwiteite nie aan die verlener se beheer van die dienskonsessiebate verander in gevalle waar die verlener die dienste in die wyse wat beskryf word in paragraaf .07(a) beheer nie.

TR19. Die operateur kan 'n reg hê om van die skeibare bate wat beskryf word in paragraaf TG18(a), of die fasiliteite wat gebruik word om die aanvullende ongereguleerde dienste te voorsien soos in paragraaf TG18(b) beskryf, gebruik te maak. In beide gevalle kan daar in wese 'n huurkontrak van die verlener tot die operateur wees; indien dit so is, word daar rekeneningkundig daarvoor verantwoord in ooreenstemming met die Standaard van AERP oor *Huurkontrakte*.

Bestaande bate van die verlener

TR20. Die reëling kan tot 'n bestaande bate van die verlener betrekking hê:

- (a) waaraan die verlener die operateur vir die doeleindes van die dienskonsessiereëling toegang gee; of
- (b) waaraan die verlener die operateur vir die doel om inkomste te genereer toegang gee as vergoeding vir die dienskonsessiebate.

TR21. Die vereiste in paragraaf .09 is om bates wat ooreenkomstig paragraaf .07 (of paragraaf 08 vir lewenslange bates) erken is aanvanklik aan billike waarde te meet. Bestaande bates van die verlener wat in die dienskonsessiereëling gebruik word, word na aanleiding van hierdie Standaard eerder geklassifiseer as erken. Slegs 'n opgradering van 'n bestaande bate van die verlener (bv. wat die bate se kapasiteit verhoog) word as 'n dienskonsessiebate erken in

ooreenstemming met paragraaf .07 (of paragraaf .08 vir 'n lewenslange bate).

- TR22. In die toepassing van die waardedalingstoetse in die Standaarde van AERP oor *Beleggingseiendom, Eiendom, Aanleg en Toerusting, Ontasbare Bates en Erfenisbates*, soos toepaslik, beskou die verlener nie noodwendig die dienskonsessie se verlening aan die operateur as 'n omstandigheid wat waardedaling veroorsaak nie, tensy daar 'n verandering in die gebruik van die bate was wat die bate se toekomstige ekonomiese voordele of dienspotensiaal beïnvloed. Die verlener verwys na die Standaarde van AERP oor *Waardedalings van Niekontant-genererende Bates en Waardedalings van Kontant-genererende Bates*, soos toepaslik, om te bepaal of enige van die aanwysers van waardedaling onder sodanige omstandighede geaktiveer is.
- TR23. Indien die bate nie meer aan die voorwaardes om erkenning in paragraaf .07 (of paragraaf .08 vir 'n lewenslange bate) voldoen nie, volg die verlener die ontkenningsbeginsels in die Standaarde van AERP oor *Beleggingseiendom, Eiendom, Aanleg en Toerusting, Ontasbare Bates en Erfenisbates*, soos toepaslik. Byvoorbeeld, indien die bate permanent aan die operateur oorgedra word, word dit ontken. Indien die bate tydelik oorgedra word beskou die verlener die wese van hierdie term van die dienskonsessiereëling om te bepaal of die bate ontken moet word. In sodanige gevalle oorweeg die verlener ook of die reëling 'n huurtransaksie of 'n verkoop-en-terughuur-transaksie is waarvoor rekeningkundig in ooreenstemming met die Standaard van AERP oor *Huurkontrakte* verantwoord moet word.
- TR24. Wanneer die dienskonsessiereëling 'n opgradering van 'n bestaande bate van die verlener insluit sodat die toekomstige ekonomiese voordele of dienspotensiaal wat die bate sal voorsien vermeerder word, word die opgradering beoordeel om te bepaal of dit aan die voorwaardes vir erkenning in paragraaf .07 (of paragraaf .08 vir 'n lewenslange bate) voldoen. Indien daar aan daardie voorwaardes voldoen word, word die opgradering ooreenkomstig hierdie Standaard erken en gemeet.

Bestaande bate van die operateur

- TR25. Die operateur kan 'n bate wat dit nie gekonstrueer, ontwikkel of verkry het nie vir gebruik in die dienskonsessiereëling voorsien. Indien die reëling 'n bestaande bate van die operateur betrek wat die operateur vir die doeleindes van die dienskonsessiereëling gebruik, bepaal die verlener of die bate aan die voorwaardes in paragraaf .07 (of paragraaf .08 vir 'n lewenslange bate) voldoen. Indien daar aan die voorwaardes vir erkenning voldoen word, erken die verlener die bate as 'n dienskonsessiebate en verantwoord rekeningkundig daarvoor ooreenkomstig hierdie Standaard.

Gekonstrueerde of ontwikkelde bate

- TR26. Waar 'n gekonstrueerde of ontwikkelde bate aan die voorwaardes in paragraaf .07 (of paragraaf .08 vir 'n lewenslange bate) voldoen, erken en meet die verlener die bate ooreenkomstig hierdie Standaard. Die Standaarde van AERP oor *Beleggingseiendom, Eiendom, Aanleg en Toerusting, Ontasbare Bates en Erfenisbates*, soos toepaslik, sit maatstawwe uiteen vir wanneer 'n dienskonsessiebate erken moet word. Die Standaarde van AERP oor *Beleggingseiendom, Eiendom, Aanleg en Toerusting, Ontasbare Bates en Erfenisbates* vereis dat 'n bate erken word indien, en slegs indien:
- (a) dit waarskynlik is dat toekomstige ekonomiese voordeel of dienspotensiaal wat met die item verband hou na die entiteit sal vloei; en
 - (b) die koste of billike waarde van die item betroubaar gemeet kan word.
- TR27. Dié maatstawwe, in samehang met die spesifieke bepalings en voorwaardes van die kontraktuele reëling, moet oorweeg word om te bepaal of die dienskonsessiebate gedurende die tydperk waartydens die bate gekonstrueer of ontwikkel is, erken moet word. Vir beleggingseiendom, eiendom, aanleg en toerusting, ontasbare bates en erfenisbates kan daar aan die erkenningsmaatstawwe voldoen word gedurende die konstruksie- of ontwikkelings tydperk, en die verlener moet normaalweg die dienskonsessiebate gedurende daardie tydperk erken, indien dit so is.
- TR28. Die eerste erkenningsmaatstaf vereis die vloei van ekonomiese voordeel of dienspotensiaal na die verlener. Uit die verlener se oogpunt is die hoofdoel van 'n dienskonsessiebate om dienspotensiaal namens die verlener te voorsien. Soortgelyk aan 'n bate wat die verlener konstrueer of ontwikkel vir eie gebruik, moet die verlener die bepalings van die kontraktuele reëling oorweeg op die tydstip dat die koste van konstruksie of ontwikkel aangegaan word, om te bepaal of die dienspotensiaal van die dienskonsessiebate sal vloei na die verlener op daardie tydstip.
- TR29. Die tweede erkenningsmaatstaf vereis dat die aanvanklike koste of billike waarde van die bate betroubaar gemeet kan word. Dienooreenkomstig moet die verlener betroubare inligting omtrent die koste of billike waarde van die bate gedurende die bate se konstruksie of ontwikkeling hê om aan die erkenningsmaatstawwe in die Standaarde van AERP oor *Beleggingseiendom, Eiendom, Aanleg en Toerusting, Ontasbare Bates en Erfenisbates*, soos toepaslik, te voldoen. Byvoorbeeld, indien die dienskonsessiereëling vereis dat die operateur die verlener van vorderingsverslae voorsien gedurende die bate se konstruksie of ontwikkeling kan die koste wat aangegaan is meetbaar wees, en dus aan die erkenningsbeginsel in die Standaarde van AERP oor *Beleggingseiendom, Eiendom, Aanleg en Toerusting*, en *Erfenisbates* vir gekonstrueerde bates, of in die die Standaarde van AERP oor *Ontasbare Bates vir ontwikkelde bates*, voldoen. Waar die verlener verder min vermoë het

om die aanvaarding te verhoed van 'n bate wat gekonstrueer of ontwikkel is om aan die spesifikasies van die kontrak, of 'n soortgelyke kontraktuele reëling te voldoen, word die koste erken soos wat vordering teenoor die voltooiing van die bate gemaak word. Die verlener erken dus 'n dienskonsessiebate en 'n geassosieerde las.

Meting van dienskonsessiebates

- TR30. Paragraaf .09 vereis dat dienskonsessiebates wat in ooreenstemming met paragraaf .07 (of paragraaf .08 vir 'n lewenslange bate) erken word, aanvanklik aan billike waarde gemeet word. Billike waarde word in besonder gebruik om die koste van 'n gekonstrueerde of ontwikkelde dienskonsessiebate of die koste van enige opgraderings tot bestaande bates te bepaal op aanvanklike erkenning. Die vereiste in paragraaf .09 is nie tot bestaande bates van die verlener toepaslik wat as dienskonsessiebates in ooreenstemming met paragraaf .10 van hierdie Standaard geherklassifiseer is nie. Die gebruik van billike waarde op aanvanklike erkenning geld nie onder die Standaarde van AERP oor *Beleggingseiendom, Eiendom, Aanleg en Toerusting* en *Ontasbare Bates* as 'n herwaardering nie.
- TR31. Die tipe vergoeding wat tussen die verlener en die operateur gewissel word beïnvloed hoe die billike waarde van die dienskonsessiebate op aanvanklike erkenning bepaal word. Die paragrawe wat volg beskryf hoe billike waarde van die bate op aanvanklike erkenning bepaal word op die tipe vergoeding wat gewissel word gebaseer:
- (a) Waar betalings gemaak word deur die verlener aan die operateur verteenwoordig die billike waarde op aanvanklike erkenning van die bate die porsie van die betalings wat aan die operateur vir die bate betaal is.
 - (b) Waar die verlener nie betalings aan die operateur maak vir die bate nie word in dieselfde wyse rekeningkundig vir die bate verantwoord as vir 'n wisseling van niemonetêre bates in die Standaarde van AERP oor *Beleggingseiendom, Eiendom, Aanleg en Toerusting, Ontasbare Bates* en *Erfenisbates*.

Tipes vergoeding

- TR32. Dienskonsessiereëlins is selde, indien ooit, dieselfde; tegniese vereistes verskil volgens sektor. Die bepalinge van die reëling kan verder ook van die eienskappe afhang soos deur die algehele wettige raamwerk vereis.
- TR33. Na gelang van die bepalinge van die dienskonsessiereëling, kan die openbare verlener die operateur vir die dienskonsessiebate en diens voorsiening vergoed deur enige kombinasie van die volgende:

- (a) betalings (bv. kontant) aan die operateur te maak;
- (b) die operateur op 'n ander wyse te vergoed, soos om:
 - (i) die reg om inkomste te verdien van derdepartygebruikers van die dienskonsessiebate aan die operateur te verleen; of
 - (ii) die operateur toegang tot die gebruik van 'n ander inkomstegenererende bate te verleen.

TR34. Waar die verlener die operateur vir die dienskonsessiebate vergoed deur betalings aan die operateur te maak, kan die bate- en dienskomponente van die betalings skeibaar (bv. die kontraktuele reëling spesifiseer die bedrag van die voorafbepaalde reeks betalings om aan die dienskonsessiebate toegeken te word) of onskeibaar wees.

Skeibare betalings

- TR35. 'n Dienskonsessiereëling kan in 'n verskeidenheid omstandighede skeibaar wees, met inbegrip van die volgende, maar nie beperk daartoe nie:
- (a) deel van 'n betalingstroom wat volgens die beskikbaarheid van die dienskonsessiebate self verskil en 'n ander deel wat volgens gebruik of prestasie van sekere dienste verskil, is geïdentifiseer;
 - (b) verskillende komponente van die dienskonsessiereëling loop vir verskillende tydperke of kan afsonderlik beëindig word. 'n Individuele dienskomponent kan byvoorbeeld sonder om die voortsetting van die res van die reëling te beïnvloed, beëindig word; of
 - (c) verskillende komponente van die dienskonsessiereëling kan afsonderlik heronderhandel word. 'n Dienskomponent word, byvoorbeeld, in die mark getoets en sommige of al die koste verhogings of verlagings word aan die verlener oorgedra op so 'n wyse dat die deel van die betaling deur die verlener wat spesifiek met dié diens verband hou, geïdentifiseer kan word.
- TR36. Die Standaard van AERP oor *Beleggingseiendom, Eiendom, Aanleg en Toerusting, Ontasbare Bates en Erfenisbates* vereis aanvanklike meting van 'n bate wat in 'n uitruiltransaksie teen koste, wat die kontantprysekwivalent van die bate is, verkry is. Vir uitruiltransaksies word die transaksieprys beskou om billike waarde te wees, tensy anders aangedui. Waar die bate- en dienskomponente van betalings skeibaar is, is die kontantprysekwivalent van die dienskonsessiebate die huidige waarde van die dienskonsessiebate-komponent van die betalings. Indien die huidige waarde van die batedeel van die betalings egter hoër as billike waarde is word die dienskonsessiebate aanvanklik aan billike waarde gemeet.

Onskeibare betalings

- TR37. Waar die bate- en dienskomponent van betalings van die verlener aan die operateur nie skeibaar is nie, word die billike waarde in paragraaf .09 met die gebruik van ramingstegnieke bepaal.
- TR38. Vir die doeleindes van die toepassing van die vereistes van hierdie Standaard word betalings en ander teenprestasie wat deur die reëling vereis word by die aanvang van die reëling of op herevaluering van die reëling as dié vir die dienskonsessiebate en dié vir ander komponente van die dienskonsessiereëling (bv. onderhoud en bedryfsdienste) aangewys op die grondslag van hul billike waardes. Die billike waarde van die dienskonsessiebate sluit slegs bedrae in wat verband hou met die bate en sluit bedrae vir ander komponente van die dienskonsessiereëling uit. In sommige

gevalle sal die aanwysing van die betalings vir die bate vanaf betalings vir ander komponente van die dienskonsessiereëling vereis dat die verlener 'n ramingstegniek gebruik. 'n Verlener kan, byvoorbeeld, die betalings wat met die bate verband hou skat deur na die billike waarde van 'n vergelykbare bate in 'n reëling wat geen ander komponente bevat nie te verwys, of deur die betalings vir die ander komponente in die dienskonsessiereëling te skat deur na vergelykbare reëlings te verwys en dan daardie betaling van die totale betalings af te trek wat onder die reëling val.

Operateur ontvang ander vorme van vergoeding

- TR39. Die tipes transaksies waarna verwys word in paragraaf .15(b) is niemonetêre uitruiltransaksies. Paragraaf .33 in die Standaard van AERP oor *Beleggingseiendom*, paragraaf .29 in die Standaard van AERP oor *Eiendom, Aanleg en Toerusting* en paragraaf .40 in die Standaard van AERP oor *Ontasbare Bates*, soos toepaslik, bied leiding in hierdie omstandighede.
- TR40. Wanneer die reg aan die operateur verleen word om inkomste van derdepartygebruikers van die dienskonsessiebate, of 'n ander inkomstegenererende bate te verdien, of die operateur niekontant vergoeding van die verlener ontvang, gaan die verlener nie direkte koste vir die verkryging van die dienskonsessiebate aan nie. Hierdie vorme van vergoeding aan die operateur is bedoel om die operateur beide vir die koste van die dienskonsessiebate en vir die bedryf daarvan te vergoed tydens die tydperk van die dienskonsessiereëling. Die verlener moet dus die bate aanvanklik op 'n wyse meet wat met paragraaf .09 ooreenstem.

Daaropvolgende meting

- TR41. Na aanvanklike erkenning pas 'n verlener die Standaarde van AERP oor *Beleggingseiendom, Eiendom, Aanleg en Toerusting, Ontasbare Bates en Erfenisbates* toe tot die daaropvolgende meting en onderkenning van 'n dienskonsessiebate. Vir die doeleindes van die toepassing van die Standaarde van AERP oor *Beleggingseiendom, Eiendom, Aanleg en Toerusting, Ontasbare Bates en Erfenisbates* moet dienskonsessiebates as 'n afsonderlike groep bates behandel word. Die Standaarde van AERP oor *Waardedaling van Niekontant-Genererende Bates* en *Waardedaling van Kontant-Genererende Bates* word ook in die bepaling van enige aanduiding van verswakking van 'n dienskonsessiebate toegepas. Dié vereistes in hierdie Standaarde word vir alle bates wat as dienskonsessiebates ooreenkomstig hierdie Standaard erken of geklassifiseer word, toegepas.

Erkenning en meting van laste (kyk paragraaf .12 - .26)

- TR42. Die verlener erken 'n las in ooreenstemming met paragraaf .12 slegs wanneer 'n dienskonsessiebate ooreenkomstig paragraaf .07 (of paragraaf .08 vir 'n lewenslange bate) erken word. Die aard van die las wat erken word ooreenkomstig paragraaf .12 verskil in elkeen van die onstandighede wat in paragraaf AG31 beskryf word volgens die las se wese.

Die Finansiële aanspreeklikheid-model (kyk paragraaf .16 - .21)

- TR43. Wanneer die verlener 'n onvoorwaardelike verpligting het om 'n voorafbepaalde reeks betalings aan die operateur te maak, is die las 'n finansiële las soos in die Standaard van AERP oor *Finansiële Instrumente* omskryf. Die finansieringskoste soos in paragraaf .19 gespesifiseer word ook ooreenkomstig die Standaard van AERP oor *Finansiële Instrumente* bepaal.
- TR44. Wanneer die verlener vergoeding aan die operateur voorsien vir die koste van die dienskonsessiebate en diensverskaffing in die vorm van 'n voorafbepaalde reeks betalings, word 'n bedrag wat die deel van die voorafbepaalde reeks betalings wat met die bate verband hou weerspieël in ooreenstemming met paragraaf .12 as 'n las erken. Hierdie las sluit nie die finansieringskoste en dienskomponente van die betalings in wat in paragraaf .19 gespesifiseer is nie.
- TR45. Waar die verlener enige betalings aan die operateur maak voordat die dienskonsessiebate erken word, verantwoord die verlener rekeningkundig vir daardie betalings as vooruitbetalings.
- TR46. Die rentekoers wat gebruik word om die finansieringskoste te bepaal mag nie daaropvolgend verander word nie tensy die batekomponent of die algehele reëling heronderhandel word.
- TR47. Die finansieringskoste wat met die las in 'n dienskonsessiereëling verband hou word in ooreenstemming met ander finansieringskoste aangebied, in ooreenstemming met die Standaard van AERP oor *Finansiële Instrumente*.
- TR48. Die dienskomponent van betalings wat in ooreenstemming met paragraaf .19 bepaal word, word gewoonweg eweredig oor die tydperk van die dienskonsessiereëling erken omdat hierdie patroon van erkenning die beste met die diensvoorsiening ooreenstem. In gevalle waar spesifieke uitgawes afsonderlik vergoed moet word, en waar hul tydsberekening bekend is, word sodanige uitgawes soos wat dit aangegaan word erken.

Verlening van 'n reg tot die operateurmodel (kyk paragraaf .22 - .24)

- TR49. Wanneer die verlener die operateur vir die dienskonsessiebate en diensvoorsiening vergoed deur die operateur die reg te verleen om inkomste van derdepartygebruikers van die dienskonsessiebate te verdien, word die operateur die reg verleen om inkomste oor die tydperk van die dienskonsessiereëling te verdien. Net so verdien die verlener die voordeel wat met die bates verband hou wat in die dienskonsessiereëling ontvang is in ruil vir die reg wat aan die operateur verleen is, oor die tydperk van die reëling. Dienooreenkomstig word die inkomste nie dadelik erken nie. In stede daarvan word 'n las vir enige deel van die inkomste wat nog nie verdien is nie erken. Inkomste word erken en die las word ooreenkomstig paragraaf .23 verminder, op die wese van die dienskonsessiereëling gebaseer, byvoorbeeld, soos wat toegang aan die dienskonsessiebate aan die operateur oor die tydperk van die dienskonsessiereëling voorsien word. Soos in paragraaf TG33 beskryf, kan die verlener die operateur vergoed deur 'n kombinasie van betalings en die verlening van die reg om inkomste direk vanaf derdepartygebruikers te verdien. In sulke gevalle, indien die operateur se reg om sodanige derde party inkomste te verdien die verlener se voorafbepaalde betalings beduidend verminder of uitkakel, kan 'n ander grondslag meer gepas wees vir die las se vermindering(bv. die tydperk waaroor die verlener se toekomstige voorafbepaalde reeks betalings verminder of uitgeskakel word).
- TR50. Wanneer die verlener die operateur vir die dienskonsessiebate en diens vergoed deur die voorsiening van 'n inkomstegenererende bate, bo en behalwe die dienskonsessiebate, word inkomste erken en die las wat in ooreenstemming met paragraaf .24 erken word, word verminder op 'n soortgelyke wyse as wat in paragraaf AG49 beskryf word. In sodanige gevalle beskou die verlener ook die onderkeningsvereistes in die Standaarde van AERP oor *Beleggingseiendom, Eiendom, Aanleg en Toerusting, Ontasbare Bates en Erfenisbates*, soos toepaslik.

Verdeling van die reëling (kyk paragraaf .25 - .26)

- TR51. Indien die operateur vir die dienskonsessiebate vergoed word gedeeltelik deur 'n voorafbepaalde reeks betalings en gedeeltelik deur die ontvangs van die reg om inkomste vanaf derdepartygebruikers van die dienskonsessiebate of 'n ander inkomste-genrerende bate te verdien, is dit nodig om afsonderlik rekeningkundig vir elke deel van die las te verantwoord wat verband hou met die verlener se teenprestasie. In hierdie omstandighede word die teenprestasie aan die operateur gedeel in 'n finansiële aanspreeklikheid-gedeelte vir die voorafbepaalde reeks betalings en 'n aanspreeklikheidsgedeelte vir die reg wat verleen is aan die operateur om inkomste te verdien vanaf derdepartygebruik van die dienskonsessiebate of 'n ander inkomstegenererende bate. Elke deel

van die las word aanvanklik teen die billike waarde van die teenprestasie wat betaal is of betaalbaar is, erken.

Ander laste, voorwaardelike aanspreeklikhede en voorwaardelike bates (kyk paragraaf .27)

- TR52. Dienskonsessiereëlins kan verskeie vorme van finansiëlewaarborg (bv. 'n waarborg, sekuriteit, of vrywaring wat met die skuld verband hou wat aangegaan is deur die operateur om konstruksie, ontwikkeling, verkryging, of opgradering van 'n dienskonsessiebate te finansier), of prestasiewaarborg (bv. waarborg van minimum inkomstestrome, met inbegrip van vergoeding vir tekorte) insluit.
- TR53. Sekere waarborg wat deur 'n verlener gemaak word kan aan die woordoms krywing van 'n finansiëlewaarborg-kontrak voldoen. Die verlener bepaal of waarborg wat deur die verlener as deel van die dienskonsessiereëling gemaak word aan die woordoms krywing van 'n finansiëlewaarborg-kontrak voldoen en pas die Standaard van AERP oor *Voorsienings, Voorwaardelike Aanspreeklikhede en Voorwaardelike Bates* toe in rekeningkundige verantwoording vir die waarborg.
- TR54. Voorwaardelike bates of aanspreeklikhede kan ontstaan uit geskille oor die bepalings van die dienskonsessiereëling. Sodanige voorwaardes word rekeningkundig ooreenkomstig die Standaard van AERP oor *Voorsienings, Voorwaardelike Aanspreeklikhede en Voorwaardelike Bates* verantwoord.

Ander inkomste (kyk paragraaf .28)

- TR55. Die operateur kan die verlener vir toegang tot die dienskonsessiebate vergoed ingevolge die bepalings van die dienskonsessiereëling deur die verlener van 'n reeks van voorafbepaalde invloed van hulpbronne, met inbegrip van die volgende, te voorsien:
- (a) 'n voorafbetaling of 'n stroom betalings;
 - (b) inkomstedelingsbepalings;
 - (c) 'n vermindering in 'n voorafbepaalde reeks betalings wat van die verlener vereis word om aan die operateur te maak; en
 - (d) huurbetalings vir die voorsiening van toegang tot 'n inkomstegenererende bate aan die operateur.
- TR56. Wanneer die operateur 'n voorafbetaling, 'n stroom betalings, of ander teenprestasie aan die verlener voorsien vir die reg om die dienskonsessiebate oor die tydperk van die dienskonsessiereëling te gebruik, verantwoord die

verlener rekeningkundig vir hierdie betalings in ooreenstemming met die Standaard van AERP oor *Inkomste uit Uitruiltransaksies*. Die tydsberekening van die inkomste word gebaseer op die wese van die dienskonsessiereëling bepaal, byvoorbeeld, soos wat toegang tot die dienskonsessiebate aan die operateur oor die tydperk van die dienskonsessiereëling voorsien word.

- TR57. Waar die operateur 'n voorafbetaling, 'n stroom betalings, of ander teenprestasie bo en behalwe die dienskonsessiebate aan die verlener voorsien vir die reg om inkomste uit derdepartygebruik van die dienskonsessiebate of 'n ander inkomstegenererende bate te verdien, word enige deel van die betalings wat ontvang is van die operateur wat nie in die rekeningkundige tydperk verdien is nie, as 'n las erken totdat daar aan die voorwaardes vir inkomste-erkenning voldoen word.
- TR58. Wanneer daar aan die voorwaardes vir inkomste-erkenning voldoen word, word die las soos wat die inkomste erken word verminder ooreenkomstig paragraaf .28.
- TR59. As gevolg van die wisselende aard van die tipes bates wat in dienskonsessiereëlings gebruik kan word, en die hoeveelheid jare waaroor die reëlings strek, kan daar egter ander meer geskikte metodes wees om inkomste wat verband hou met die invloei wat in die kontraktuele reëling gespesifiseer word te erken wat die operateur se verbruik van hul toegang tot die dienskonsessiebate en/of die tydwaarde vir geld beter weerspieël. Byvoorbeeld, 'n annuïteitmetode wat 'n saamgestelde rente faktor toepas wat inkomste meer eweredig op 'n verdiskonteerde grondslag erken, in teenstelling met op 'n nominale grondslag, kan meer geskik vir 'n dienskonsessiereëling wees met 'n tydperk wat oor verskeie dekades strek.
- TR60. Wanneer 'n voorafbetaling van die operateur ontvang word, word die inkomste op 'n wyse erken wat die operateur se ekonomiese verbruik van sy toegang tot die dienskonsessiebate en/of die tydwaarde van geld die beste weerspieël. Byvoorbeeld, wanneer die operateur vereis word om jaarlikse paaïemente oor die tydperk van die dienskonsessiereëling, of voorafbepaalde hoeveelhede vir spesifieke jare, te betaal, word die inkomste oor die gespesifiseerde tydperk erken.
- TR61. Vir dienskonsessiereëlings waaronder die operateur die reg om inkomste te verdien uit derdepartygebruikers van die dienskonsessiebate verleen is, hou inkomste met die invloei van ekonomiese voordeel verband wat namate dienste voorsien word ontvang word en dit word daarom op dieselfde grondslag soos wat die las verminder word erken. In hierdie gevalle moet die verlener dikwels onderhandel om 'n inkomstedelingsbepaling in die reëling met die operateur in te sluit. Inkomstedeling as deel van 'n dienskonsessiereëlings kan op alle inkomste wat deur die operateur verdien is, of op inkomste bo 'n

sekere drumpel, of op inkomste wat meer is as wat die operateur nodig het om 'n gespesifiseerde opbrengskoers te bereik gebaseer wees.

- TR62. Die verlener erken inkomste wat uit inkomstedelingsbepalings in dienskonsessiereëlings gegenereer is soos wat dit verdien word, in ooreenstemming met die wese van die toepaslike reëling, nadat daar geag is dat enige voorwaardelike geval (bv. die bereik van 'n inkomstedrumpel) plaasgevind het. Die verlener pas die Standaarde van AERP oor *Voorsienings, Voorwaardelike Aanspreeklikhede en Voorwaardelike Bates* toe om te bepaal wanneer die voorwaardelike geval plaasgevind het.
- TR63. 'n Vermindering in die toekomstige voorafbepaalde reeks betalings wat die verlener andersins aan die operateur sou moes maak voorsien die verlener van vooraf-niekontantteenprestasie. Sodanige inkomste word erken soos wat die las verminder word.
- TR64. Wanneer die operateur 'n nominale huur vir toegang tot 'n inkomstegenererende bate betaal word die huurinkomste ooreenkomstig die Standaard van AERP oor *Inkomste uit Nie-Uitruiltransaksies (Belasting en Oordragte)* erken.

Aanbieding en openbaarmaking (kyk paragraaf .29 - .31)

- TR65. Openbaarmakings wat met verkeie aspekte van dienskonsessiereëlings verband hou kan in bestaande Standaarde aangespreek word. Hierdie Standaard spreek slegs die bykomende openbaarmakings aan wat met dienskonsessiereëlings verband hou. Waar die rekeningkundige verantwoording van 'n bepaalde aspek van 'n dienskonsessiereëling in 'n ander Standaard aangespreek is, volg die verlener die openbaarmakingsvereistes van daardie Standaard, bykomend tot dié wat in paragraaf .30 uiteengesit is.
- TR66. Die Standaard van AERP oor *Aanbieding van Finansiële State* vereis dat finansieringskoste afsonderlik in die staat van finansiële prestasie aangebied word. Die finansieringskoste wat ooreenkomstig paragraaf .19 bepaal is, is by hierdie item ingesluit.
- TR67. Bykomend tot die openbaarmakings wat in paragraaf .29 - .31 uiteengesit is pas die verlener ook die toepaslike aanbiedings- en openbaarmakingsvereistes in ander Standaarde van AERP toe soos wat hul op bates, laste, inkomste, en uitgawes toepaslik is wat ooreenkomstig hierdie Standaard erken word.

Bylae B

Wysigings tot ander Standaarde van AERP

Die doel van die Bylaag is om die gevolglike wysigings aan ander Standaarde van AERP te identifiseer wat volg uit die uitreiking van die Standaard van AERP oor Dienskonsessiereëlins: Verlener.

Gewysigde bewoording word met die nuwe bewoording onderstreep en geskrapte teks doodgetrek aangedui.

Wysigings aan AERP 13 Huurkontrakte (2012)

Paragraaf .22 - .24 word gewysig as volg:

Huurkontrakte en ander kontrakte

.22 'n Kontrak kan alleenlik bestaan uit 'n ooreenkoms om 'n bate te huur. 'n Huurkontrak kan egter ook een element in 'n breër stel ooreenkomste met openbare sektor entiteite wees om bates te konstrueer, besit, bedryf en/of oor te dra. Entiteite tree dikwels in sodanige ooreenkomste, veral in verband met langlewende fisiese bates en infrastruktuurbates. ~~Byvoorbeeld, 'n entiteit kan 'n tolpad konstrueer. Dit kan dan die tolpad aan 'n privaatsktoarentiteit verhuur as deel van 'n reëling waarin die privaatsktoarentiteit instem om:~~

~~(a) die tolpad vir 'n verlengde tydperk te huur (met of sonder 'n opsie om die fasiliteit te koop);~~

~~(b) die tolpad te bedryf; en~~

~~(c) uitgebreide onderhoudvereistes te vervul, met inbegrip van gereelde opgradering van beide die padoppervlak en die verkeersbeheer-tegnologie.~~

Ander ooreenkomste kan insluit dat 'n entiteit infrastruktuur van die privaatsktoer gebruik ~~huur~~. Die entiteit bepaal of die ooreenkoms 'n dienskonsessiereëling is soos in die Standaard van AERP oor *Dienskonsessiereëlins: Verlener* omskryf.

.23 Waar 'n reëling nie aan die voorwaardes vir erkenning van 'n dienskonsessiebate ooreenkomstig die Standaarde van AERP oor *Dienskonsessiereëlins: Verlener* voldoen nie, en die reëling 'n identifiseerbare bedryfshuur of bruikhuur bevat soos in hierdie Standaard omskryf, moet die bepaling van hierdie Standaard in die rekeningkundige verantwoording vir die huurkomponent van die reëling toegepas word.

.24 Entiteite kan ook in 'n verskeidenheid ooreenkomste tree vir die voorsiening van

goedere en/of dienste, wat noodwendig die gebruik van toegewyde bates insluit. In sommige van dié ooreenkomste kan dit moontlik nie duidelik wees of 'n dienskonsessiereëling soos in die Standaard van AERP oor *Dienskonsessiereëlings: Verleener* omskryf of 'n huurkontrak, soos deur hierdie Standaard omskryf, ontstaan het nie. In dié gevalle word professionele oordeel gebruik en indien 'n huurkontrak ontstaan het, word die Standaard toegepas; en indien 'n huurkontrak nie ontstaan het nie, verantwoord entiteite rekeningkundig vir daardie ooreenkomste deur die bepalinge van ander toepaslike Standaarde van AERP toe te pas, of in die afwesigheid daarvan, ander toepaslike internasionale en/of nasionale rekeningkundige standaarde, soos in die Raamwerk tot Standaarde van Algemeen Erkende Rekeningkundige Praktyk en in die Standaard van AERP oor *Rekeningkundige Beleide, Veranderinge in Rekeningkundige Ramings en Foute* verduidelik.

Datum van Inwerkingtrede

'n Nuwe paragraaf word ingesluit na paragraaf .82 as volg:

.82A *Paragraaf .22, .23 en .24 is gewysig deur die Standaard van AERP oor Dienskonsessiereëlings: Verleener, uitgegee op DDMMJJJJ. 'n Entiteit moet hierdie wysigings toepas vir finansiële jaarstate wat tydperke dek wat begin op of ná {'n datum wat deur die Minister van Finansies bepaal word}. Vroeëre toepassing word aangemoedig. Indien 'n entiteit die wysiging vir 'n tydperk toepas wat voor DDMMJJJJ begin, moet hierdie feit openbaar gemaak word.*

Wysigings aan AERP 16 Beleggingseiendom (2012)

Paragraaf .03A word bygevoeg as volg:

.03A *Hierdie Standaard is toepaslik tot beleggingseiendom na die aanvanklike erkenning en meting daarvan in ooreenstemming met die Standaard van AERP oor Dienskonsessiereëlings: Verleener.*

Datum van Inwerkingtrede

'n Nuwe paragraaf word ingesluit na paragraaf .93 as volg:

.93A *Paragraaf .03A is bygevoeg deur die Standaard van AERP oor Dienskonsessiereëlings: Verleener, uitgegee op DDMMJJJJ. 'n Entiteit moet hierdie wysiging toepas vir finansiële jaarstate wat tydperke dek wat begin op of ná {'n datum wat deur die Minister van Finansies bepaal word}. Vroeëre toepassing word aangemoedig. Indien 'n entiteit die wysiging vir 'n tydperk toepas wat voor DDMMJJJJ begin, moet hierdie feit openbaar gemaak word.*



AERP 32

gemaak word.

Wysigings aan AERP 17 Eiendom, Aanleg en Toerusting (2012)

Paragraaf .03 is gewysig as volg:

03. Hierdie Standaard is van toepassing op eiendom, aanleg, en toerusting met inbegrip van:
- (a) ~~s~~Spesialiste militêre toerusting; ~~en~~
 - (b) ~~in~~frastruktuurbates; ~~en~~
 - (c) eiendom, aanleg, en toerusting na die aanvanklike erkenning en meting daarvan ooreenkomstig die Standaard van AERP oor *Dienskonsessiereëlings: Verleener*.

Paragraaf .04 is gewysig as volg:

- .04 Ander Standaarde van AERP kan erkenning vereis van 'n eiendoms-, aanleg- of toerustingitem, op 'n aanslag gebaseer wat van dié in hierdie Standaard verskil. Die Standaard van AERP oor *Huurkontrakte* vereis, byvoorbeeld, dat 'n entiteit sy erkenning van 'n item van gehuurde eiendom, aanleg en toerusting op die grondslag van die oordrag van risiko's en belonings evalueer. Die Standaard van AERP oor *Dienskonsessiereëlings: Verleener* vereis dat 'n entiteit die erkenning van 'n item van eiendom, aanleg en toerusting wat in 'n dienskonsesse-reëling gebruik word, op die grondslag van beheer van die bate evalueer. In sodanige gevalle word ander aspekte van die rekeningkundige behandeling van hierdie bates, met inbegrip van waardevermindering, egter deur hierdie Standaard voorgeskryf.

Datum van Inwerkingtrede

'n Nuwe paragraaf word ingesluit na paragraaf .90 as volg:

- .90A *Paragraaf .03 en .04 is gewysig deur die Standaard van AERP oor *Dienskonsessiereëlings: Verleener*, uitgegee op DDMMJJJJ. 'n Entiteit moet hierdie wysigings toepas vir finansiële jaarstate wat tydperke dek wat begin op of ná { 'n datum wat deur die Minister van Finansies bepaal word }. Vroeëre toepassing word aangemoedig. Indien 'n entiteit die wysiging vir 'n tydperk toepas wat voor DDMMJJJJ begin, moet hierdie feit openbaar gemaak word.*

Wysigings aan AERP 102 Ontasbare Bates (2012)

Paragraaf .04 is gewysig as volg:

Omvang

- .04 Waar die rekeningkundige verantwoording vir 'n spesifieke tipe ontasbare bate deur 'n ander Standaard van AERP voorgeskryf word, moet 'n entiteit daardie Standaard van AERP toepas. Byvoorbeeld, hierdie Standaard is nie van toepassing op die volgende nie:
- (a) Ontasbare bates gehou deur 'n entiteit wat in die gewone beloop van bedrywighede te koop is (kyk die Standaard van AERP oor *Voorraad* en die Standaard van AERP oor *Konstruksiekontrakte*).
 - (b) Uitgestelde belastingbates (waar toepaslik) (kyk die International Accounting Standard oor *Income Taxes*).
 - (c) Huurkontrakte wat in die omvang val van die Standaard van AERP oor *Huurkontrakte*.
 - (d) Bates wat uit werknemers-voordele ontstaan (kyk die Standaard van AERP oor *Werknemers-Voordele*).
 - (e) Finansiële bates soos in die Standaard van AERP oor *Finansiële Instrumente* omskryf. Die erkenning en meting van sommige finansiële bates word deur die Standaarde van AERP oor *Gekonsolideerde en Afsonderlike Finansiële State, Beleggings in Geassosieerdes en Belang in Gesamentlike Ondernemings* gedek.
 - (f) Ontasbare bates, na die aanvanklike erkenning en meting daarvan ooreenkomstig die Standaard van AERP oor *Dienskonsessiereëlins: Verlener*.

Datum van Inwerkingtrede

'n Nuwe paragraaf word ingesluit na paragraaf .133 as volg:

Entiteite wat reeds Standaarde van AERP toepas

- .133A Paragraaf .04 is gewysig deur die Standaard van AERP oor Dienskonsessiereëlins: Verlener, uitgegee op DDMMJJJJ. 'n Entiteit moet hierdie wysiging toepas vir finansiële jaarstate wat tydperke dek wat begin op of ná { 'n datum wat deur die Minister van Finansies bepaal word }. Vroeëre toepassing word aangemoedig. Indien 'n entiteit die wysiging vir 'n tydperk toepas wat voor DDMMJJJJ begin, moet hierdie feit openbaar gemaak word.**

Wysigings aan AERP 103 *Erfenisbates*

Paragraaf .03A is bygevoeg as volg:

.03A Hierdie Standaard is toepaslik tot erfenisbates na die aanvanklike erkenning en meting daarvan in ooreenstemming met die Standaard van AERP oor Dienskonsessiereëlins: Verlener.

Datum van Inwerkingtrede

'n Nuwe paragraaf word ingesluit na paragraaf .98 as volg:

Entiteite wat reeds Standaarde van AERP toepas

.98A Paragraaf .03A is bygevoeg deur die Standaard van AERP oor Dienskonsessiereëlins: Verlener, uitgegee op DDMMJJJJ. 'n Entiteit moet hierdie wysiging toepas vir finansiële jaarstate wat tydperke dek wat begin op of ná {'n datum wat deur die Minister van Finansies bepaal word}. Vroeëre toepassing word aangemoedig. Indien 'n entiteit die wysiging vir 'n tydperk toepas wat voor DDMMJJJJ begin, moet hierdie feit openbaar gemaak word.

Wysigings aan AERP 104 Finansiële Instrumente

Paragraaf .03 is gewysig as volg:

.03 Hierdie Standaard is nie toepaslik tot die volgende instrumente nie, behalwe waar daar andersins aangedui word:

(k) Regte en verpligtinge onder dienskonsessiereëlins waar die Standaard van AERP oor Dienskonsessiereëlins: Verlener toepaslik is. Finansiële laste wat deur 'n verlener onder die Finansiële aanspreeklikheid-model erken word is egter onderworpe aan die bepalinge van hierdie Standaard (kyk paragraaf .36 en .45 - .50 en Bylaag A paragraaf AG80 – AG89).

Datum van Inwerkingtrede

'n Nuwe paragraaf word ingesluit na paragraaf .134 as volg:

Entiteite wat reeds Standaarde van AERP toepas

.134 Paragraaf .03 is gewysig deur die Standaard van AERP oor Dienskonsessiereëlins: Verlener, uitgegee op DDMMJJJJ. 'n Entiteit moet hierdie wysiging toepas vir finansiële jaarstate wat tydperke dek wat begin op of ná {'n datum wat deur die Minister van Finansies bepaal word}. Vroeëre toepassing word aangemoedig. Indien 'n entiteit die wysiging vir

'n tydperk toepas wat voor DDMMJJJJ begin, moet hierdie feit openbaar gemaak word.

Wysigings aan die Vertolking van die Standaarde van AERP oor Bepaling of 'n Reëling 'n Huurkontrak Bevat (VAERP 3)

Paragraaf .01 is gewysig as volg:

Agtergrond

- .01 'n Entiteit kan in 'n reëling tree wat bestaan uit 'n transaksie of 'n reeks verwante transaksies wat nie die wetlike vorm van 'n huurkontrak aanneem nie maar die reg oordra om 'n bate (bv. 'n item van eiendom, aanleg of toerusting) in ruil vir 'n betaling of reeks betalings te gebruik. Voorbeelde van reëlings waarin een entiteit (die verskaffer) sodanige reg om 'n bate te gebruik aan 'n ander entiteit (die koper), dikwels in samehang met verwante dienste, kan oordra, sluit in:
- uitkontrakteringsreëlings (bv. waar 'n munisipaliteit sy afvalverwyderingsdiens aan 'n private party uitkontrakteer).
 - neem-of-betaal en soortgelyke kontrakte waarin kopers gespesifiseerde betalings moet maak ongeag of hul aflewering van die gekontrakteerde produkte of dienste neem (bv. 'n neem-of-betaal kontrak om beduidend al die uitset van 'n verskaffer se kragopwekker te verkry).
 - 'n dienskonsessiereëling waar nie voldoen word nie aan een of albei beheermaatreëlbenadering-maatstawwe soos uiteengesit in die Standaard van AERP oor *Dienskonsessiereëlings: Verlener*. Die Standaard AERP oor *Dienskonsessiereëlings: Verlener* vereis dat die verlener 'n dienskonsessiebate in 'n dienskonsessiereëling erken indien (a) die verlener beheer of reguleer watter dienste die operateur met die bate moet voorsien, aan wie dit die diens moet voorsien, en teen watter prys; en (b) die verlener beheer het – deur eienaarskap, aanspraak op voordele of andersins – oor enige beduidende oorblywende belang in die bate teen die einde van die reëling.

Datum van Inwerkingtrede

'n Nuwe paragraaf word ingesluit na paragraaf .18 as volg:

Entiteite wat reeds Standaarde van AERP toepas

.18A Paragraaf .01 is gewysig deur die Standaard van AERP oor Dienskonsessiereëlings: Verlener, uitgegee op DDMMJJJJ. 'n Entiteit moet



AERP 32

hierdie wysiging toepas vir finansiële jaarstate wat tydperke dek wat begin op of ná {’n datum wat deur die Minister van Finansies bepaal word}. Vroeëre toepassing word aangemoedig. Indien ’n entiteit die wysiging vir ’n tydperk toepas wat voor DDMMJJJJ begin, moet hierdie feit openbaar gemaak word.

Vergelyking met die Interpretation of IFRS oor Determining Whether an Arrangement Contains a Lease (IFRIC 4) (Desember 2004)

Die Vertolking van die Standaarde van AERP oor *Bepaling of 'n Reëling 'n Huurkontrak Bevat* (VAERP 3) is hoofsaaklik ontleen aan die Interpretation of IFRS oor *Determining Whether an Arrangement Contains a Lease* (IFRIC 4). Die belangrikste verskil tussen hierdie vertolking en IFRIC 4 is soos volg:

- ~~Die beginsels in hierdie Vertolking is ingesluit in die Riglyn oor Rekeningkunde vir Publieke-Private Vennootskappe (PPVs).~~ Die omvang van hierdie Vertolking is ~~dis~~ gewysig om ook dienskonsessiereëlings PPV-ooreenkomste in te sluit soos in die Standaard van AERP oor Dienskonsessiereëlings: Verlener omskryf. Die omvang van IFRIC 4 sluit dienskonsessiereëlings PPV-ooreenkomste uit wat binne die omvang van IFRIC 12 val.

Toepassingsleiding


Hierdie Leiding vergesel die Standaard van AERP oor Dienskonsessiereëlins: Verlener, maar is nie deel daarvan nie.

- TL1. Die doel van hierdie Toepassingsleiding is om sekere aspekte van die vereistes van die Standaard van AERP oor *Dienskonsessiereëlins: Verlener* te illustreer.

Rekeningkundige raamwerk vir dienskonsessiereëlins

- TL2. Die diagram hieronder som die rekeningkunde op vir dienskonsessiereëlins wat vasgestel is deur die Standaard van AERP oor *Dienskonsessiereëlins: Verlener*.

AERP 32



Verwysings na Standaarde van AERP wat toepaslik is tot kenmerkende tipes reëlings wat 'n bate gekombineer met voorsiening van 'n diens betrek

TL3. Die tabel sit die kenmerkende reëlingtipes uiteen vir privaatsektor deelname aan die voorsiening van 'n gemandateerde funksie en voorsien verwysings na die Standaarde van AERP wat in dié reëlings toepaslik is. Die lys van reëlingtipes is nie allesomvattend nie. Die doel van die tabel is om die kontinuum van reëlings te beklemtoon. Dit is nie die Raad se bedoeling om die indruk te skep dat daar duidelike lyne tussen die rekeningkundige vereistes vir verskillende tipes reëlings bestaan nie.

TL4. Gekleurde teks wys reëlings binne die omvang van die Standaard van AERP oor *Dienskonsessiereëlings: Verlener*.

Kategorie	Huurder	Diensverskaffer			Eienaar	
Kenmerkende reëlingtipes	Huur-kontrak (bv, operateur huur bate van verlener)	Diens- en/of onderhoud-kontrak (spesifieke take bv. skuld-invordering, Fasiliteits-bestuur)	Rehabiliteer-bedryf-oordrag	Bou-bedryf-oordrag	Bou-besit-bedryf	100% Disinvestering/ Privatisering/ Korporasie
Bate-eienaarskap	Verlener				Operateur	
Kapitaal-belegging	Verlener		Operateur			
Risiko Vraag	Gedeel	Verlener	Verlener en/of operateur		Operateur	
Tipiese duur	8 – 20 jaar	1 – 5 jaar	25 – 30 jaar			Onbepaald (of kan beperk wees deur bindende reëling of lisensie)
Oorblywende belang	Verlener				Operateur	
Relevante AERP's	AERP 13	AERP 1	Hierdie AERP/AERP 16/AERP 17/AERP 102/AERP 103		AERP 16/AERP 17/AERP 102/AERP 103 (ontekening) AERP 9 (inkomste erkenning)	

Grondslag vir gevolgtrekkings

Hierdie Grondslag vir gevolgtrekkings verduidelik die Raad se redes vir die wysiging van sekere oplossings wat met die rekeningkunde vir dienskonsessiereëlins verband hou vanuit die openbare sektor entiteit se oogpunt in vergelyking met die IPSAS oor Service Concession Arrangements: Grantor waaraan die Standaard van AERP oor Dienskonsessiereëlins: Verlener hoofsaaklik ontleen is, en moet in samehang met die IPSAS oor Service Concession Arrangements: Grantor gelees word. Hierdie Grondslag vir gevolgtrekkings vergesel die Standaard van AERP oor Dienskonsessiereëlins: Verlener, maar is nie deel daarvan nie, en en moet in samehang met die Basis from conclusions tot die IPSAS oor Service Concession Arrangements: Grantor gelees word.

Agtergrond

- GG1. Die Raad het sy Riglyn oor Rekeningkunde vir Publieke-Private Vennootskappe (PPV's) goedgekeur en in November 2008 uitgegee. Die Riglyn sit die RRS se sienswyse uiteen oor rekeningkunde vir PPV's deur 'n openbare sektor verlener en inkorporeer beginsels uit Standaarde van AERP, IFRS'e en IFRIC'e, waar toepaslik. Die PPV-Riglyn is van toepassing op:
- bates wat die private party moet konstrueer, ontwikkel of verkry van 'n derde party om die vereistes te verrig onder die PPV-reëling; en
 - bestaande bates vir gebruik ingevolge die PPV-reëling.
- GG2. In die ontwikkeling van die PPV-Riglyn het die Raad die beginsels in IFRIC 12 oorweeg omdat geen openbare sektor leiding op dié tydstip nie beskikbaar was. Die Raad het ooreengestem om sy PPV-Riglyn te heroorweeg sodra die International Public Sector Accounting Standards Board (IPSASB) sy uitspraak uitgegee het wat oor dienskonsessiereëlins (DKR) (of publieke-private vennootskapsreëlins soos waarna in die PPV-Riglyn verwys word) handel.
- GG3. Die IPSASB het die International Public Sector Accounting Standard oor *Service Concession Arrangements: Grantor* (IPSAS 32) gedurende Oktober 2011 uitgegee en die Raad het dus 'n projek tot die werksprogram bygevoeg om die PPP Guideline te hersien.

Omvang

- GG4. Die vestiging en funksionering van 'n publieke-private vennootskapsreëling in die Suid-Afrikaanse omstandighede kan slegs deur die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, Wet No. 1 van 1999 (WOFB) of die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, Wet No. 56 van 2003 (WMFM), en die Regulasies wat onder die WOFB en WMFM uitgegee is, beheer en reguleer word. Die Raad het ooreengestem dat die beginsels in die Standaard van AERP oor *Dienskonsessiereëlins: Verlener* nie slegs tot reëlins toepaslik moet wees waarin ingevolge hierdie wetgewing getree word nie, maar 'n wyer omvang moet hê.

- GG5. Die Standaard van AERP oor *Dienskonsessiereëlings: Verlener* moet dus toegepas word tot enige kontraktuele reëling tussen 'n verlener en 'n operateur waar die operateur die dienskonsessiebate gebruik om 'n gemandateerde funksie namens die verlener vir 'n spesifieke tydperk te voorsien.
- GG6. Die operateur wat die gemandateerde funksie voorsien namens die verlener kan óf 'n private party of 'n ander openbare sektor entiteit wees wat 'n gemandateerde funksie namens die verlener voorsien.

Suid-Afrikaanse openbare sektor terminology

Bindende reëling

- GG7. Die Standaard van AERP oor *Finansiële Instrumente* (AERP 104) vereis dat 'n entiteit moet vasstel of 'n reëling aan die basiese kenmerke van 'n kontrak voldoen wat in AERP 104 TG 29 uiteengesit is, in die bepaling of 'n reëling in wese kontraktueel is, d.w.s. die reëling word deur gewillige partye aangegaan, die reëling stel regte en verpligtinge in vir een van die partye en, prestasie of optrede as gevolg van wanprestasie is afdwingbaar volgens wet.
- GG8. IPSAS 32 gebruik die term “bindende reëling” om die verhouding en ooreenkoms tussen die verlener en die operateur te beskryf. Die Standaard van AERP oor *Belange in Gesamentlike Ondernemings* (AERP 8) gebruik die term “bindende reëling” om die idee dat 'n reëling ook die vorm van 'n kontrak kan aanneem uit te druk, maar dit erken dat die reëling ook soortgelyke regte en verpligtinge aan die partye daarvan kan oordra asof dit in die vorm van 'n kontrak is.
- GG9. Omdat die AERP 104 kenmerke almal teenwoordig is in dienskonsessiereëlings waarin getree word tussen 'n verlener en 'n operateur, het die Raad ooreengestem dat dit meer gepas is om na 'n “kontraktuele reëling” te verwys as na 'n “bindende reëling”.

Gemandateerde funksie

- GG10. IPSAS 32 gebruik “'n openbare diens” om die funksies wat 'n operateur namens die verlener verrig te beskryf.
- GG11. Die WOFB omskryf 'n “publieke-private vennootskapsreëling” as 'n kommersiële transaksie tussen 'n instelling (openbare sektor entiteit) en 'n private party ingevolge waarvan die private party 'n instellingsfunksie namens die openbare sektor entiteit verrig, of waar die private party die gebruik van staatseiendom verkry. In 'n instellingsfunksie moet die private party deel van die openbare sektor entiteit se diensverskaffings- of administratiewe funksies verrig en die gepaardgaande risiko's aanvaar, waar die private party die PPV-bate vir sy eie kommersiële doeleindes moet gebruik in 'n PPV-ooreenkoms waar die gebruik van staatseiendom betrokke is.
- GG12. Die WMFM Regulasies omskryf 'n “publieke-private vennootskapsreëling” in 'n soortgelyke manier, maar verwys na 'n munisipale funksie wat vir, of names, 'n munisipaliteit deur die private party verrig word. Die WMFM omskrywing erken ook

dat die private party die bestuur of gebruik van munisipale eiendom vir eie kommersiële doeleindes kan verkry.

GG13. Die Raad het ooreengestem om die term “gemandateerde funksie” te gebruik om die tipe funksies en dienste te beskryf wat die operateur namens die verlener kan verrig, wat in die omvang van die Standaard van AERP oor *Dienskonsessiereëlings: Verlener* sal val. Die tipes ooreenkomste wat geïdentifiseer is ingevolge wetgewing, d.w.s. 'n instellingsfunksie en die gebruik van staatseiendom, word beide in die term “gemandateerde funksie” saamgevat.

Bates binne die omvang van die van AERP oor *Dienskonsessiereëlings: Verlener*

GG14. Die beginsels in IPSAS 32 is van toepassing op eiendom, aanleg en toerusting en ontasbare bates wat gebruik word om 'n gemandateerde funksie in 'n dienskonsessiereëling te voorsien.

GG15. Die PPV-Riglyn was egter ook toepaslik tot die ontwikkeling, konstruksie of verkryging van voorraad (AERP 12), beleggingseiendom (AERP 16) en erfenisbates (AERP 103), bykomend tot eiendom, aanleg en toerusting en ontasbare bates, omdat die ontwikkeling, konstruksie of verkryging van hierdie bates ook algemeen in Suid-Afrikaanse PPV-ooreenkomste was.

GG16. Die Raad het dus ooreengestem om die beginsels in die Standaard van AERP oor *Dienskonsessiereëlings: Verlener* te verleen aan beleggingseiendom en erfenisbates. Voorraad is normaalweg 'n gevolg van die aangaan van 'n dienskonsessiereëling omdat dit deel van die bedryf van die dienskonsessiereëling vorm. Voorraad word dus nie ingesluit in die omvang van die Standaard van AERP oor *Dienskonsessiereëlings: Verlener* nie.

Rentekoers wat gebruik is om die finansieringskoste in die Finansiële aanspreeklikheid-model te bepaal

GG17. IPSAS 32 vereis dat die verlener 'n finansiële las ooreenkomstig die dienskonsessiereëling erken in die mate waarin dit 'n onvoorwaardelike verpligting het om kontant of 'n ander finansiële bate aan die operateur vir die konstruksie, ontwikkeling, verkryging of opgradering van 'n dienskonsessiebate te betaal (d.w.s. die finansiële aanspreeklikheid-model).

GG18. Die PPV-Riglyn het die verlener vereis om die beginsels in AERP 104 toe te pas in die berekening van die finansieringskoste-deel onder die finansiële aanspreeklikheid-model. AERP 104 vereis dat 'n entiteit 'n markverwante rentekoers bepaal deur die tipe transaksie en die teenparty wat betrokke is te oorweeg. Dit beteken dat 'n entiteit 'n koers vir 'n soortgelyke transaksie met soortgelyke bepalinge, moet gebruik, aangesuiwer vir die kredietrisiko van die betrokke teenparty.

- GG19. Die leiding wat in die PPV-Riglyn gebied word was soortgelyk aan die leiding wat 'n operateur in IFRIC 12 toepas, in dat IFRIC 12 vereis dat die operateur die beginsels in IAS 32, IAS 39, IFRS 7 en IFRS 7 toepas.
- GG20. IPSAS 32 bepaal egter dat die rentekoers in die berekening van die finansieringskoste gebaseer op die operateur se kapitaalkoste spesifiek tot die dienskonsessiebate bepaal moet word. In die ontwikkeling van hierdie vereiste het die IPSASB tot die gevolgtrekking gekom dat die verlener gewoonweg nie genoeg inligting sal hê om 'n mark rentekoers te bepaal nie. IPSAS 32 bepaal verder dat, indien dit nie prakties is om die operateur se kapitaalkoste te bepaal nie, moet óf (a) die koers wat in die reëling implisiet is wat spesifiek is tot die bate, óf (b) die verlener se inkrementele leenkoers, óf (c) 'n ander koers wat met die bepalinge en voorwaardes van die reëling gepas is, gebruik word. Slegs indien genoegsame inligting nie beskikbaar is nie, moet die koers wat gebruik word om die finansieringskoste te bepaal deur verwysing na 'n koers wat verwag sou word op die verkryging van 'n soortgelyke bate geraam word.
- GG21. Die Raad het tot die gevolgtrekking gekom dat dit meer geskik is om die bestaande beginsels in die Standaarde van AERP te gebruik as om nuwe beginsels in te stel. Daar is dus ooreengestem dat die beginsel in AERP 104 toegepas met word in die bepaling van die rentekoers wat in die berekening van die finansieringskoste gebruik moet word in die finansiële aanspreeklikheid-model. Hierdie beginsel is soortgelyk aan IFRIC 12 en moet soortgelyke behandeling tussen die verlener en operateur in die dienskonsessiereëling tot gevolg hê.

Rekeningkunde vir 'n finansiële waarborg-kontrak

- GG22. IPSAS 32 vereis dat die verlener die beginsels in die IPSAS'e toepas in die hantering van finansiële instrumente in rekeningkunde vir waarborge wat deur die verlener gemaak word wanneer dit aan die omskrywing van 'n finansiële waarborg-kontrak voldoen.
- GG23. Die Grondslag vir gevolgtrekkings van AERP 104 (kyk AERP 104 GG 11 tot GG 16) sit die Raad se mening uiteen oor hoekom 'n entiteit rekeningkundig vir 'n waarborg, wat voldoen aan die omskrywing van 'n finansiële waarborg-kontrak, moet verantwoord deur gebruik van die Standaard van AERP oor *Voorsienings, Voorwaardelike Aanspreeklikhede en Voorwaardelike Bates* (GRAP 19) en nie ingevolge AERP 104 nie. Gebaseer op hierdie gevolgtrekking vereis AERP 32 dat die verlener rekeningkundig vir finansiële waarborg-kontrakte verantwoord ingevolge AERP 19 en nie ingevolge AERP 104 nie.

Vergelyking met die International Public Sector Accounting Standard oor Service Concession Arrangements: Grantor (Oktober 2011)

Die Standaard van AERP oor *Dienskonsessiereëlings: Verlener* (AERP 32) is hoofsaaklik ontleen aan die International Public Sector Accounting Standard oor *Service Concession Arrangements: Grantor* (IPSAS 321). Die belangrikste verskille tussen AERP 32 en IPSAS 32 is soos volg:

- IPSAS 32 gebruik die term “bindende reëling” om die verhouding tussen die verlener en die operateur te beskryf. AERP 32 gebruik die term “kontraktuele reëling” soos in die Standaard van AERP oor *Finansiële Instrumente* (AERP 104) beskryf.
- AERP 32 gebruik die term “gemandateerde funksie” om die openbare diens te beskryf wat die operateur namens die openbare sektor entiteit verrig. IPSAS 32 gebruik die term “openbare diens” maar omskryf nie die term nie.
- AERP 32 vereis dat slegs voldoen word aan die eerste beheermaatreëlbenadering-maatstawwe wanneer die bate in 'n dienskonsessiereëling gebruik word vir sy algehele ekonomiese gebruiksduur. IPSAS 32 verwys na “nuttige gebruiksduur”.
- Die beginsels in IPSAS 32 is van toepassing op eiendom, aanleg en toerusting en ontasbare bates wat gebruik word om 'n diens namens die verlener te voorsien. AERP 32 vereis dat die beginsels bykomend ook tot erfenisbates en beleggingseiendom toegepas word.
- IPSAS 32 vereis dat die rentekoers wat gebruik moet word in die berekening van die finansieringskoste onder die finansiële aanspreeklikheid-model op die operateur se kapitaalkoste spesifiek tot die dienskonsessiebate gebaseer moet wees. AERP 32 vereis dat die bestaande beginsels in AERP 104 gebruik moet word.
- IPSAS 32 vereis dat die verlener die beginsels toepas in die IPSAS'e in die hantering van finansiële instrumente in die rekeningkundige verantwoording vir finansiële waarborg-kontrakte. Met die ontwikkeling van AERP 104 het die Raad ooreengestem dat waarborge rekeningkundig ingevolge die Standaard van AERP oor *Voorsienings, Voorwaardelike Aanspreeklikhede en Voorwaardelike Bates* (GRAP 19) verantwoord moet word. AERP 32 vereis dus dat daar rekeningkundig vir waarborge ingevolge AERP 19 verantwoord word.
- Die openbaarmakingsvereistes in AERP 32 is verduidelik om die verlener te vereis om inligting vir elke wesenlike dienskonsessiereëling openbaar te maak en in samevoeging vir individuele nuwesesenlike dienskonsessiereëlings.
- Oorgangsbepalings tot hierdie Standaard van AERP word anders as in IPSAS 32 hanteer.